SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

# 15 Mei 2022
# Welkom by die Erediens 09:00

## Baie geluk met jou verjaarsdag

15 Mei
Hennie Gerber
Jaco Parsons
Robert Van Den Berg
Nicole Vorster

16 Mei
Marina De Jager
Ian Janse Van Rensburg
Michelle Loots

17 Mei
Jaco Lategan

18 Mei
Ella Van Coller
Joey Van Eck

20 Mei
Jacques Hugo
Ria Van Rooyen

21 Mei
Pieter Du Randt
Stephan Holloway
Robbie Robberts

## Vergaderings

Dagbestuur: Maandag 16 Mei

## Moederskamer-opknapping

Ons wil graag die moederskamer so ‘n bietjie opknap. Ons sal enige donasies/ skenkings in terme van speelgoed, boeke of baba items waardeer. Ons het wel spesifieke behoeftes:

- ‘n sponsmatras vir ‘n enkelbed
- ‘n lekker gemaklike stoel vir voeding
- ‘n speelmat
- ‘n “baby gym”
- ‘n “mobile”

Skenkings kan op ‘n Woensdag tussen 9 en 12 by Marlein by die kerkkantoor afgelaai word of kontak Karen op 0845041781 om te kom oplaai.

## Musiekkonsert

Woensdag 18 Mei om 18:00 hier in ons kerk ‘n Pragtige verskeidenheid van orrel, klavier, viool, fluit, sang ens word aangebied.
Toegang R50.
Pensioenarisse R40.
Navrae by
Albert 0827269595

# Boodskap vandag 8 Mei 2022

Psalm 73 open met die gedagte dat God baie goed is vir dié wat op Hom vertrou! Tog erken hy dat dit nie so maklik is om aan daardie geloof vas te hou wanneer hy rondom hom kyk nie. Dit lyk eerder of die wat op die Here vertrou swaar kry, terwyl die goddeloses voorspoed deur hul ongeregtigheid vergader!

Maar wanneer hy weer die Heiligdom betree en die Here deur aanbidding ontmoet, gee dit vir hom die nodige perspektief om alles anders te sien. Daardie ontmoeting herdefinieer woorde soos voorspoed en teenspoed, sodat dit nie meer net praat van materiële rykdom in die hede nie. Ons ontmoeting met Christus tydens aanbidding herinner ons aan die vreeslike uiteinde van die sonde, en dit vertel hoe ons daarvan verlos word deur 'n pad wat ook lyding insluit. Sonde is sleg en dit maak alles sleg. God is só goed dat Hy ons daarvan verlos deur die grootste lyding op Homself te neem. Daarom moet ons nie toelaat dat die tydelike toestand van sake ons fokus van God af trek nie.

Die digter se gevolgtrekking is dat dit vir hom goed is om naby God te bly, omdat hy God se goedheid wil indrink sodat dit sy gedagtes en lewe vul. Net dan sal hy staande kan bly in 'n wêreld wat so teen alles wat goed is rebelleer.

*Vian du Plessis*

# Liturgie

**Musiek vooraf:** 1. Lied 492 (vanoggend se slotlied)
2. Skape kan rustig wei - Ps 23 (J.S. Bach)

**Verwelkoming**

**Stilgebed**

**Bedieningslied:**

Flam 3 Aan u voete, Heer — Luister

**Toetrede:**

Flam 124 Agnus Dei — Staan

**Flam 124 Agnus Dei**

*Halleluja! Halleluja!*
*Want die Heer God Almagtig regeer*
*Halleluja! Halleluja!*
*Want die Heer God Almagtig regeer*
*Halleluja! Heilig,*
*Heilig, is U Heer God Almagtig!*
*Waardig is die Lam x2*
*U is Heilig, Heilig!*
*is U Heer God Almagtig!*
*Waardig is die Lam x2*

# Liturgie (vervolg)

## Votum en Seëngroet
## Kinderlied:
Vonkk 213 God is lief vir my — Staan

**Vonk 213:1-2 God is lief vir my**

1. God is lief vir my,
God is lief vir jou.
Die wêreld het Hy so lief gehad,
Hy gee sy enigste Seun.

2. God is lief vir my,
God is lief vir jou.
Ek lees in die Bybel
en weet dit is waar:

God is lief vir my!
God is lief vir jou!
God is lief vir ons!

## Kindertyd en die Wet
Oom Baldy begeer hare - Die tiende gebod

## Verootmoediging
Psalm 130 TT Cloete vers 1-2 — Sit

**Psalm 130 TT Cloete**

1. Uit dieptes van die duister
roep ek U smekend aan;
as U vergewend luister,
net dan kan ek bestaan.
U wat my sonde uitwis,
my in die afgrond sien,
U skenk aan my vergifnis
sodat ek U kan dien.

2. Só wag ek op die Here
- Hy wat sy woord sal hou -
soos wagters op die môre,
omdat ek Hom vertrou.
Op Hóm wat so getrou is,
wag, Israel, ja wag!
Verlossing en vergifnis
kan Hy alleen vermag.

## Skriflesing en Prediking
## Gebed
Lied 492:1-3 In U is Vreugde — Staan

**Lied 492:1-2 In U is Vreugde**

1. In U is vreugde, vrede en vreugde,
Jesus Christus, U is Heer.
Ons weet in lyding, U gee bevryding,
U bly steeds ons lofsang, Heer.
U breek die bande van skuld en skande,
U wat vergewe, U laat ons lewe,
in U is vreugde. Halleluja.
Ons vrees geen dood meer,
U is ons hoop, Heer.
Ons bly behoue en in vertroue
sing ons ons vreugde - Halleluja!

2. Heer, U bring vreugde, vrede en vreugde,
ons is nou geen sondaars meer.
Ons is oorwinnaars, meer as oorwinnaars,
deur die liefde van ons Heer.
Niks laat ons bewe, geen dood of lewe,
engele, kragte, of vreemde magte:
ons is oorwinnaars. Halleluja.
Niks wat ons ly nie,
niks kan ons skei nie -
skei van U, Here. Ons sing U ere.
U is ons vreugde - Halleluja!

## Seën
## Respons:
Lied 189 Halleluja
**Naspel: Te Deum—Loof God (M. Charpentier)**
## Dankoffers

## Nuwe lidmate

Indien jy ‘n nuwe lidmaat is, baie welkom. Maak ‘n draai by die kantoor vanoggend dan gee ons vir jou die nodige.

## Tee - en koffiebediening op Sondagoggende

Baie dankie aan Michael wat weer vir ons voor die diens gaan koffie maak .
Sodra genoeg mense hulle name ingee vir teebediening na die diens ,sal ons ook weer daarmee begin.
Indien jy bereid is om te help laat weet asb vir Marlein. Hoe meer mense hulle name ingee hoe minder gereeld sal jy aan diens wees. Ons kan dit net laat werk as daar genoeg hande is

082 574 9191

N G Kerk Somerstrand

Somerstrand Gemeente

ngkerksomerstrand

somerstrandgemeente

SnapScan

## Kontakbesonderhede

**Leraars:**
Chris 082 574 9191
*acv.vanwyk@gmail.com*
Vian 061 589 1562
*viandup@gmail.com*

**Kerkkantoor:**
Marlein 0832704853
*marlein.ngksomerstrand@gmail.com*

Bankbesonderhede:
N G Kerk Somerstrand ABSA PE Rek nr 1008731388 Takkode: 632005